

Verskyn sedert 1 April 1873 as “De Maandbode” en sedert 1 Oktober 1894 as “Het Kerkblad”

die **Kerkblad**

Mei
2018

'n Publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

**Die Dordtse Leerreëls
- afskeepkind in die
katkisasieklas?**

Kerk en omgewing

www.gksa.org.za

Webwerf: <http://www.gksa.org.za/>

Redaksie, Bemaking en Administrasie
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel. (018) 297-3986/7/8/9
Faks: (018) 293-1042
E-pos: kerkblad@gksa.co.za
(artikels, briewe ens.)
tydskrifte@gksa.co.za
(Intekening, rekeningnavrae)
bestellings@gksa.co.za
(boekbestellings ens.)

Redaksie
Prof. CFC Coetzee (redakteur)
• 082 337 7951
• Callie.Coetzee@nwu.ac.za
Mev. J Fourie (kopieredakteur)
• Tel. 018 297 3986
• kerkblad@gksa.co.za
Ds. C Aucamp
Prof. SP van der Walt
Prof. J Smit
Mev. V de Kock
Dr. MN Hermann

Uitleg en tegniese versorging
Joey Fourie

Advertensies en kleinadvertensies
Tariewe op aanvraag beskikbaar by dr.
Wymie du Plessis: tel. (018) 297-3989.
E-pos: wymiedup@gksa.co.za


Intekengeld
Sien al die opsies vir intekening op die in-
tekenvorm (omslag buite agter)

Intekengeld word jaarliks aangepas.
Intekening moet skriftelik of telefonies
deur die intekenaar gekanselleer word.
Maak tjeks uit aan:
Die Administratiewe Buro

Eienaars en uitgewers
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gere-
formeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus
20008, Noordbrug 2522.

Drukkers
V & R Drukkery, tel. (012) 333 2462

Menings uitgespreek in artikels verteen-
woordig nie noodwendig dié van die
Redaksiekommissie nie. Tensy anders
vermeld, word die hoofartikels deur die
redakteur geskryf. Die Redaksie behou
hom die reg van plasing van bydraes, asook
die redigering, verkorting en/of verwerking
van bydraes voor.



JAARGANG 120, NO. 3323 - Mei 2018

(Kunstenaarsvoorstelling van die Kloveniersdoelen, die gebou waarin die Dordtse Sinode plaasgevind het. Die gebou is in 1857 gesloop.
In: De Synode van Dordrecht in 1618 en 1619. W van't Spijker et al, 1987)

INHOUD

- 1 VAN DIE REDAKTEUR
Die ontstaan van 'n belydenis
- 4 UIT DIE WOORD
Blydskap oor die Hemelvaart
- 6 REDAKSIONEEL
Hemelse perspektief en krag onontbeerlik vir ons aardse lewe en roeping
- 8 BRANDPUNT
Pelgrims – moenie kerm nie!

FOKUS

- 10 Die Dordtse Leerreëls – afskeepkind in die kerkisasieklass (1)

ANDER

- 12 Mense in die Bybel – Maria, Jesus se moeder
- 14 Woorde in die Bybel (4) – Waarheid
- 16 Werklikheid of waarheid
- 18 Kerk en omgewing

- 17 Briewe van ons lesers

IN DANKBARE HERINNERING ...

- 20 Ds. ZC Grobler
- 22 Dr. JL Venter
- 24 Op die Kerkwerf
- 30 Kleinadvertensies

Blydskap oor die Hemelvaart



Lees: Lukas 24:36-53; Handeling 1:10-11

Teks: Lukas 24:51-52

“Terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle af weggegaan en is Hy in die hemel opgeneem. Hulle het Hom aanbid en met groot blydskap na Jerusalem toe teruggegaan.”

VEEERTIG DAE NÁ JESUS SE OPSTANDING het die dissipels saam met Hom op die Olyfberg gestaan, waar Hy sy laaste opdragte aan hulle gegee het. En toe, terwyl Hy hulle seën, het Jesus van hulle af weggegaan en is in die hemel opgeneem. Wat moes op daardie oomblik deur die dissipels se gemoed gegaan het?

As ’n mens dink aan die gemoedskommelings wat hulle die vorige klompie weke deurgegaan het, lyk dit of hulle daar op die Olyfberg weer met gemengde gevoelens moes gestaan het. Enkele weke tevore het hulle in droefheid op Golgota staan en toekyk hoe Jesus aan die kruis sterf, net om drie dae later met onbeskryflike blydskap Hom lewend by hulle terug te verwelkom as die opgestane Here.

En nou, ’n skrale ses weke verder, moet hulle weer toekyk hoe Hy in ’n wolk van hulle af weggegaan na die hemel. Sou hulle blydskap nou weer in hartseer verander?

Allermens, want in vers 52 skryf Lukas dat die dissipels met groot blydskap van daar af na Jerusalem toe teruggegaan het. Waarom met groot blydskap? Omdat die Here in sy genade hulle geleer het dat sy hemelvaart rede vir groot blydskap was.

Jesus se opstanding en sy hemelvaart

In die eerste plek het hulle verstaan dat Jesus se hemelvaart noodwendig op sy opstanding moes volg. En oor sy opstanding was hulle reeds baie bly (Joh. 20:20; vgl. die oordenking in die Maartuitgawe van Die Kerkblad). Toe was hulle bly omdat hulle begin verstaan het dat Jesus deur sy Gees by hulle sal wees tot die einde toe, selfs

al gaan Hy liggaamlik van hulle af weg.

Daarom kon hulle, toe hulle op die Olyfberg Hom na die hemel sien opvaar, steeds vol blydskap wees. Want hulle het geweet: Al gaan Hy weg, bly Hy steeds by hulle deur sy Gees.

Hulle het verder begryp dat hulle deur die geloof in die Gees met Jesus een is, soos ’n wingerdstok en sy ranke (Joh. 15), en dat hulle daarom deel het aan Jesus se dood en opstanding. Saam met Jesus is hulle as sondaars gekruisig, en saam met Hom het hulle in ’n nuwe lewe as kinders van God opgestaan. En met Jesus se hemelvaart bly die eenheid voortduur. Hy neem sy hemelse plek in as ons Hoof, terwyl ons as sy kerk hier op aarde sy liggaam is.

By sy opstanding het hulle ook verstaan dat Jesus op grond van sy kruis en opstanding

met reg as ons Middelaar by die Vader kan intree, sodat in sy Naam ons gebede verhoor sal word en sodat ons in Hom waarlik vergewing van sondes ontvang. Hieroor het Jesus hulle spesifiek onderrig toe Hy voor sy hemelvaart hulle verstand geopen het om die Skrifte te verstaan. Hy het hulle laat verstaan dat Hy moes ly en opstaan om vergewing van sondes te bring vir al die gelowiges wat nog kom (Luk. 24:46-49).

Toe hulle dan daar op die Olyfberg Jesus staan en agternakyk, was dit met die besef dat Hy nou, soos Hy hulle geleer het, sy plek as Middelaar by die Vader gaan inneem en waarlik vir hulle en vir al die gelowiges gaan intree. Daarom was hulle bly.

Jesus se hemelvaart en sy koninkryk

Hulle was verder bly omdat hulle geweet het dat die plek wat Jesus by die Vader gaan inneem, 'n ereplek is wat Hy gaan inneem as die Een wat sonde, die dood en Satan oorwin het. Hy bestyg sy koninklike troon aan die regterhand van die Vader, waarvandaan Hy as die Christus-Here voortaan oor die kerk en wêreld regeer. Hulle het dit goed besef omdat Jesus in die 40 dae voor sy hemelvaart indringend met hulle gepraat het juis oor die dinge van sy koninkryk (Hand. 1:3). Hulle het Jesus dus met blydschap agternagekyk omdat hulle besef het dat Hy nou opvaar om sy hemeltroon te gaan bestyg.

Jesus se hemelvaart en sy wederkoms

Verder was hulle bly omdat hulle besef het dat Jesus weer gaan terugkeer. Terwyl Hy nog by hulle was, het Jesus vir hulle gesê: “As Ek gegaan het en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is” (Joh. 14:3).

Ook daar op die Olyfberg, terwyl hulle staan en kyk hoe Jesus na die hemel opvaar, hoor hulle weer hierdie belofte, dié keer uit die mond van die twee mans in wit klere wat sê: “Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien weggaan het.”

Die mans in wit klere was ongetwyfeld engele met God se boodskap van belofte oor die toekoms: die Here sal weer terugkeer – op die wolke, net soos Hy op daardie dag van hulle weggegaan het.

Wanneer die kerk dan deur die eeue daarna – ook ons vandag – aan die hemelvaart terugdink, doen ons dit met dieselfde blydschap as die dissipels op daardie dag:

- Ons is bly in die wete dat Christus liggaamlik nou wel by die Vader is, maar deur sy Gees steeds by ons is en bly tot die einde toe (HK So. 18).
- Ons is bly om te weet dat Christus as ons Hoof ons na die hemel vooruitgegaan het en dat Hy ons ook na Hom sal neem.
- Ons is bly om te weet dat Hy nou by die Vader vir ons intree, sodat in sy Naam ons gebede by ons Vader verhoor word.
- Ons besef ook met blydschap dat Hy by die Vader vir ons sondes sal intree, sodat in Hom ons van ons sondes skoon-gewas word.
- Ons is bly in die besef dat Christus as die Koning vanaf die regterhand van die Vader oor alles en almal regeer – ook oor ons elkeen en oor die wêreld waarin ons lewe.
- Ons verbly ons in die wete dat Christus weer sal kom om alles nuut te maak, en dat Hy ons ook sal nuut maak om ewig te leef in volmaakte heerlijkheid by God.

So ryk en heerlik is die blydschap wat die hemelvaart van ons Here Jesus by gelowiges meebring. Is dit ook jou blydschap? Laat ons dan met blydschap aan sy hemelvaart terugdink, en dan in blydschap ook vorentoe kyk na die dag wanneer Hy sal terugkeer.

Kom ons roep in blye afwagting saam met die kerk van alle tye, en saam met die Gees: “Kom, ja kom gou, Here Jesus!” ^{DK}

Hemelse perspektief en krag onontbeerlik vir ons aardse lewe en roeping

Ons dink in hierdie dae in besonder aan die hemelvaart van ons Here Jesus Christus en die uitstorting van die Heilige Gees tien dae daarna op Pinksterdag.

Ons doen dit in 'n tyd en 'n wêreld waarin die Koningskap van Christus, die hoogheid en rykdom van sy Naam meer as ooit ontken word. Daar is vandag baie meer gebalde vuiste as gebuigde knieë. Daar word vandag baie meer gelaster en gevloek teen die hemel as wat die majesteit van Christus geprys word. Daar is magte en ideologieë aan die werk waarteen ons eie kragte so ver tekortsiet.

As ons met die blote oog kyk, lyk dit of ons die een veldslag na die ander vir die Koninkryk van God verloor.

Besef ons nog hoe onontbeerlik die hemelse perspektief en krag is vir ons aardse lewe en roeping?

Hemelse perspektief

AS ONS IN DIE TWAALF ARTIKELS van ons ontwyfelbare geloof bely dat Christus opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, dan bely ons verder in die Kategismus (v/a 50) wat dit beteken, naamlik dat Hy daarom na die hemel opgevaar het, sodat Hy Hom daar as Hoof van sy Christelike kerk kan betoon, deur Wie die Vader alles regeer.

Hemelvaart proklameer die absolute heerskappy van Christus oor alles en almal. Hy het met sy dood en opstanding die magte van die sonde en die dood oorwin. En daarna kon Hy sy triomftog na die hemel aanpak as die Een aan Wie alle mag in die hemel en op die aarde behoort.

Hy het die troon in die hemel bestyg. Die besluite word daar geneem, nie in Washington of New York of Beijing, of Moskou of Luthuli-huis nie. Hy leef en Hy regeer.

Dit is die ontsaglike werklikheid, die magtige betekenis van Hemelvaart in die wêreld van 2018.

Hemelse krag

Hoe regeer Christus? Deur sy Woord en Gees. Tien dae ná sy hemelvaart het Hy sy Gees uitgestort, soos Hy beloof het. Die Gees bring niks minder nie as die hemelse krag na die aarde.

Dit is onder andere die nut van die hemelvaart van Christus dat Hy deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitstort (HK v/a 51). Ná sy hemelvaart is Christus na sy menslike natuur nie meer by ons nie, maar “wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref, gaan Hy nooit meer van ons weg nie” (HK v/a 47).

Die Gees het gekom om die verlossingswerk van Christus toe te pas, 'n werklikheid te maak in die lewens van die gelowiges. Hy laat my deur 'n ware geloof aan Christus en al sy weldade deel kry, Hy troos my en bly ewig by my (HK v/a 53). Sy Gees is soos die wind. Onweerstaanbaar en vrymagtig. Hy waai waar Hy wil (Joh. 3:8).

Ons aardse lewe en roeping

Dit is alleen vanuit hierdie hemelse perspektief en krag dat ons ons roeping in 2018 hier in Suid-Afrika en die wêreld kan en moet vervul. Ek het hierbo telkens na die Kategismus verwys, want dit is wat ons glo en bely, op grond van die Woord. En dit is 'n lewende belydenis vir elkeen wat daarmee erns maak. Dit rig en bepaal ons lewe.

Die apostel Paulus skryf in Efesiërs 2:6 dat ons saam met Christus in die hemel sit. Iemand noem dit 'n "verbysterende uitspraak". Dit is Paulus se woord aan die klein gemeente in Efese waar die godsdienst van Diana sy duisende aanhangers gehad het en in 'n wêreld waar die Romeinse heerskappy hoogty gevier het, met die keiser wat homself tot Kurios (Here) verhef het. Dit is sy woord aan die kerk van alle eeue.

Wanneer hy hierdie brief skryf, sit hy in die tronk. Maar daar is 'n groter werklikheid in sy

lewe as die harde, koue tronkvloer. Ons sit saam met Christus in die hemel. Dit beteken dat ons deel in die oorwinning oor die sonde en die dood en die graf. Dit beteken dat ons saam met Hom oor alle dinge regeer. Ons name staan in die hemelse register. God die Heilige Gees is in ons harte uitgestort. Ons is meer as oorwinnaars deur die hemelse krag. Ons is in lewende kontak met die hemel deur die gebed. Dis die adres van ons lewe. Ons deel in die heerlijkheid en die mag van die Koning van alle konings.

Ons moet die evangelie van die verhoogde Christus uitdra en uitleef. So wil sy Gees werk. Hy is die Here, die Kurios. Voor Hom moet uiteindelik elke knie buig en elke tong moet Hom bely (Fil. 2:10, 11).

Daartoe moet die hele wêreld en ook elke mens in Suid-Afrika opgeroep word. Dit geld vir owerheid en onderdaan, vir sakemanne en huisvrouens, vir politieke partye en organisasies, vir vakbonde en verenigings, vir studente en sportmanne en -vroue, vir kunstenaars en skrywers.

Ons moet die wêreld daarin voorgaan, ons vir wie Hy gehoorsaam was tot in die kruisdood, vir wie Hy die dood oorwin het, vir wie Hy gaan plek berei het in die hemel, in wie se harte Hy sy Gees uitgestort het. As ons dit nie doen nie, wie sal dit dan doen? ^{CFCC}

Lesers sal opmerk dat die rubriek "Op die Kerkwerf" anders daar uitsien as in die verlede. Ons maak met dank gebruik van die "GKSA Nuusbrokkies" wat deur dr. Wymie du Plessis op 'n weeklikse basis aan kerke uitgestuur word. Ons vra lesers om ons te laat weet wat hulle van hierdie formaat dink. – Red.



JAN HARM STEENKAMP
B.Pharm. PSGT

Tel 058 303 5431 (alle ure) Faks 058 303 7208 Posbus 348 BETHLEHEM

Ons ondersteun graag Die Kerkblad

Die Dordtse Leerreëls (1)

afskpeekkind in die katekisasieklas



Die Sinode van Dordrecht in sitting

DIT IS DIE JAAR 1618. Die Gereformeerde Kerke in Nederland is in beroering. Daar heers 'n felle stryd tussen Gereformeerdes ... en dit oor sekerlik die heerlikste taak waarvan die Bybel getuig, die hartaar van die evangelie – die belydenis van God se genade. Die strydpunt het uitgeloop op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619 waartydens die Dordtse Leerreëls (ook bekend as die Vyf Artikels teen die Remonstrante) saamgestel is.

Die Remonstransie ...

Gedurende die 16de eeu het die kernsaak van die kerklike stryd gehandel oor die vraag: Hoe kry mens deel aan die heil van God? Anders gesê: Hoe verkry mens die saligheid?

Die Heidelbergse Kategismus, wat hieroor rondit die genade van God bely (vgl. HK 21:54; 23:60; 32:86), het veral in Duitsland onder skoot gekom. Hierdie teenstand teen die belydenis het uitgebrei na die kerke in Nederland en is aangeblaas deur prof. Jacobus Arminius, 'n hoogleraar in Teologie aan die Universiteit van Leiden sedert 1603. Hier het hy die Calvinistiese standpunte van prof. Francis Gomarus heftig teengestaan.

Die leerstuk wat in die brandpunt van die stryd te staan gekom het, was die leer oor die uitverkiesing. Prof. Arminius het sy afwykende standpunte oor die uitverkiesing gepropageer en al meer onrus in die kerke gesaai.

Hoewel prof. Arminius in 1609 oorlede is, het die saad wat hy gesaai het, begin vrug dra. Gedurende 1610 is daar 'n geheime vergadering in Gouda gehou onder leiding van Uitenbogaert. Hier is die Remonstransie opgestel, 'n protesgeskrif waarin in vyf artikels beswaar aangeteken word teen die Gereformeerde belydenis.

Teen die Remonstransie

In 'n poging om die onrus in die kerke tot rus te bring, vind daar 'n jaar later 'n ander konferensie in Den Haag plaas, waar die teenstanders van Arminius se standpunte 'n Contra Remonstrantie opstel.

Nadat die onrus nie tot bedaring kon kom nie, is die Sinode van Dordrecht opgeroep vir 13 November 1618. Die erns en noodsaak om hierdie kerklike verskil uit te klaar en die Bybel hierin reg te verstaan, blyk uit die wye verteenwoordiging by die Sinode. Behalwe vir die Nederlandse afgevaardigdes was daar ook afgevaardigdes vanuit

die Anglikaanse Kerk in Engeland, van die Gereformeerde Kerk in Switserland, die Palts, Hessen, Bremen en Emden.

Ds. Johannes Bogerman is as voorsitter van die Sinode verkies. Met lang betoë het die leier van die Remonstrante die Contra-Remonstrantie skep aangeval en geweier om te help meewerk aan die ordelike verloop van die Sinode. Toe gemoedere begin hoog loop, het ds. Bogerman die Remonstrante uit die Sinode uitgestuur.

Die “agenda” van die Sinode

Die Remonstrante is gedwing om ’n samevatting van hulle standpunte, soos in die Remonstrantie uiteengesit, aan die Sinode voor te lê. Hulle het dit toe soos volg opgesom:

1 God kies en verlos dié wat (nog) sal glo. God kies dus mense uit omdat Hy “vooruit sien/weet” dat hulle sal glo. Geloof (en volharding in geloof) is die voorwaarde waaraan mense vooraf moet voldoen om uitverkies te word.

2 Jesus Christus, die Verlosser van die wêreld, het vir alle mense en elke mens gesterf, sodat Hy vir almal deur sy dood aan die kruis die versoening van sonde verwerf het. Hy het dus die moontlikheid tot verlossing vir alle mense gegee en nie slegs vir die uitverkorenes nie. Die mens moet bloot die kanse aangryp wat God gee om gered te word.

3 Die geloof is ’n gawe van God in dié sin dat Hy dit aan die vrye wil van die mens aanbied. God en mens werk dus hier saam. Die genade help die mens, maar dit hang van die mens af of hy sal glo of nie.

4 Die mens kan deur hierdie genade van God glo, maar hy kan ook die werking van die Here teëstaan. Hy kan daarmee saamwerk en daarteen werk. Al gee God aan die mens die vermoë om te glo, en laat Hy die mens inderdaad glo, kan die mens hierdie genade weerstaan en sy wedergeboorte verhinder.

5 Ware gelowiges kan deur hulle eie skuld in afskuwelike sonde verval en daarin volhard en uiteindelik uit die genade uitval, dus verlore gaan. Die volharding van gelowiges in die geloof is nie ’n gevolg van die verkiesing en van die werk van Christus nie, maar iets wat die mens self moet nakom.

Die uitkoms van die Sinode

Hierop het die Sinode van Dordrecht die Dordtse Leerreëls geformuleer as Bybels-gefundeerde antwoord op en belydenis teenoor die Remonstrante. Telkens het die Sinode ook moeite gedoen om die dwaalleer op elkeen van hierdie vyf punte te ontmasker.

Die vyf artikels is die volgende (en sal in opvolgende artikels in Die Kerkblad aangebied word):

- Hoofstuk 1 – Die Goddelike uitverkiesing en verwerping
- Hoofstuk 2 – Die dood van Christus en die verlossing van die mens deur sy dood
- Hoofstuk 3 en 4 – Die verdorwenheid van die mens, sy bekering tot God en die wyse waarop dit plaasvind
- Hoofstuk 5 – Die volharding van gelowiges in die geloof

Nog aktueel vandag?

En vandag, 400 jaar later? Het die Dordtse Leerreëls nog enige waarde en betekenis vir ons wat in die 21ste eeu leef? Ek meen dat die Dordtse Leerreëls vir die meeste lidmate (ook Gereformeerdes) nie baie bekend is nie. Is dit nie maar die “afskeepkind” in die katkisasieklas nie?

Tog is dit opvallend dat dit wat die Arminiane verdedig het, glad nie so nuut was nie. Trouens, dit is dieselfde as wat Pelagius in die vierde eeu verkondig het ... en wat vandag nog onder baie gelowiges leef, naamlik die eindelose optimisme oor die mens wat goed is, ’n vrye wil het en daarom die inherente vermoë om “God aan te neem”; dat alle mense gered sal word (algemene versoeningsleer); dat God en mens “vennote” in die redding is; die wettiese en moralistiese prediking van ons preekstoele af, omdat heimlik gedink word dat ’n ware gelowige verlore kan gaan.

En dan is ons nie meer by die evangelie nie ... ^{DK}

Kerk en omgewing

DIE SINVOLLE OPENBARE GETUIENIS oor die ekologiese krisis in Suid-Afrika en die wêreld tydens die 2012 Algemene Sinode van die GKSA was 'n welkome eerste keer dat 'n sinode van ons kerke so doelgerig 'n opskerpings van ons verhouding tot God se skeppingswerk bepleit. Versteuring, besoedeling, 'n traak-my-nie-agtigheid rondom oordadige bevolkingsgroei en 'n "vandag"-benadering tot landsadministrasie is enkele menslike terreurde wat jagmaak op die Godgestelde harmonie in die skepping.

Die natuurmoles en dorre leerskool wat dit teweegbring, tesame met 'n jarelange landswyse droogtetyd wat tans nog rekord-krisisafmetings in die Wes- en Noordkaap aanneem, is 'n wekroep tot 'n spoedige kopskuif vir die Christendom. Ons kan ons kultuur of koninklike opdrag (Gen. 1:27, 28; 2:15; Ps. 8:7) nie verder in louheid bejeën nie. Ons rentmeesterskap kan nie meer staatmaak op die aarde se meganisme van grootheid en kompleksiteit as waarborg of buffer teen menslike uitbuiting nie. Ook mag ons nie God se genade beproef, soos in die natuurverbond (Gen. 9:1-17) geopenbaar, wat voortbestaan van lewe in 'n gebroke wêreld verseker nie.

Roeping tot vele

Met groot instemming het die Algemene Sinode 2018 weer 'n deputategroep vir omgewingsake benoem om landswyd tot aksie oor te gaan om die 2012-getuienis in daade te omskep. 'n Omvattende opdrag om omgewingsbewussyn onder ons en ander kerke se lidmate te bevorder, sal alleen met die daadwerklike ondersteuning van gemeentes uitgevoer kan word. Perspektief op en die aard van die opdrag behels kortliks:

- Ons sorg vir die skepping berus op die sekerheid dat God die Skepper van hemel en aarde is en dit in sy voorsienigheid onderhou.
- God se liefde vir en onderhoud van die skepping is volop in die Bybel te vinde.
- Volhoubare aktivering van lidmate deur gebed, huisbesoek en prediking.
- Oproep vanuit die Skrif en werking van die Gees (NGB, Art. 24) tot geheiligde lewens in God se skepping.
- Om te deel in God se sorg vir sy skepping, geld vir jonk en oud.
- Verdiepde denke oor die verhouding God-mens-res van die skepping.
- Omgewingsbewaring spruit vanuit 'n lewe in Christus en is nie 'n lys van projekte nie.

- Plasing van gereelde toepaslike artikels in kerklike en ander tydskrifte, ook in Engels.
- Skakeling met Deputate Christelike Onderwys en Jeugsorg om die jeug op te skerp.
- Skakeling met Deputate Ekumeniese Sake (Binnelands) om ander kerke te betrek.
- Skakeling met bewaringsorganisasies.

Werkswyse

Die verspreide netwerk van deputate sal met behulp van 'n koördineerder ook in ander groter landstreekte hulpkragte vestig. Lidmate wat 'n passie het vir omgewingswelvaart en wat aan 'n heerlike roeping gehoor sal gee om die band tussen die mens en sy natuurlike erfenis te versterk, is welkom om ons te kontak. Ons hoop is dat elke gemeente 'n gewillige omgewingsaktiveerder sal benoem. Dié persoon sal dan toepaslike aksies in samewerking met sy kerkraad bevorder ten einde die kerk se voordeel hierin te benut om met vele lidmate te skakel.

Ons eenvoudige boodskap met 'n eindelike groot krag is 'n aanmoediging tot 'n lewe in eenvoud soos van ouds. Kry meer uit minder te midde van 'n lewenstyl wat spreek van besuiniging soos in die natuurskrif om ons. Ons te moderne en dure maniere wat veral oor een geslag beslag gekry het, het sy tol in ons skeppingsorg geëis.

Die sukses tot die huidige waterbesparing in die Kaapstadse metropool berus juis op die samewerking van enkelinge wat vernameklik ongelukkig net deur owerhede oortuig word. Ondenkbaar die gespook om ons tweede grootste stad met 3,7 miljoen inwoners nie te laat droogloop nie! Dit het ook reeds 'n rimpeleffek in vele van ons dorpe en stede.

Ons besef dat in Paulus se tyd was omgewings al stukkend weens die onnadenkende mens (Rom. 8:19-22). Ook dat daar 'n Godgewilde natuurlike klimaatritme is wat al talle kere vir uitkoms gesorg het, maar ook dat verwoestying al meer na die weste sigbaar word.

Ons moet heers na die voorbeeld van God met liefde en respek vir die skepping. As ons dit anders doen, skend ons die beeld van God, want ons is na sy beeld gemaak. Ons benodig ook elke lidmaat en andere se volgehoue toewyding hierin en kan die besorgdheid oor hierdie dinge nie aan 'n paar bewaringsbewustes en drukgroepe oorlaat nie.

My kontak besonderhede: peetvdw14@gmail.com

084 444 5556 ^{DK}

Op die kerkwerf ...

ONS MAAK KENNIS MET ...

Ds. Daan en Fransie Bakker (Geref. Kerk Boksburg)



Ek het my bediening in Witbank-Oos in Februarie 1984 begin en is in dieselfde jaar getroud met Fransie.

Jou eerste gemeente is altyd besonder in jou herinnering, want daar groei jy elke dag om jou taak as predikant beter te verstaan. Die gemeente was besonder, omdat dit al die klein steenkoolmyn gemeenskappies ingesluit het. Ons het elke Nagmaal as besonders beleef. 'n Groot deel van die gemeente was skofwerkers, maar met Nagmaal sorg hulle dat hulle in die erediens is, en na die tyd by ons ete saam met mekaar. Wat 'n mooi geleentheid was dit nie vir ons nie.

Ons het in die saal van die laerskool saamgekom op Sondagoggende en –aande. Omdat ons nie 'n eie kerkgebou kon oprig nie, het Witbank-Suid ons genooi om weer met hulle saam te smelt en meerdere bediening te hê van ds. MP Harris en myself. In 1989 het beide Witbank-Suid en Witbank-Oos ontbind en Witbank-Suidoos geword. 'n Kort maar mooi tyd van meerdere bediening, want in dieselfde jaar word ek geroep na Boksburg en aanvaar die beroep.



In die jare in Witbank het ek en Fransie twee seuns ontvang Henk en Jaco Albert. Ons word as gesin in Boksburg ontvang in November 1989. Ons derde seun Iniël is in Boksburg gebore. Fransie is 'n graad R-onderwyser, en toe ons jongste laerskool toe gaan, het sy weer begin werk en geniet haar werk al vir 15 jaar aan Nerine Kleuterskool.

Nou kyk ek en Fransie al terug op 28 jare se bediening in die mooiste gemeente in die GKSA. 'n Gemeente wat die Here baie liefhet en vir mekaar omgee. Ons strewende is om die

Here elke dag met blydschap te dien en elkeen se nodig wees in die gemeente prakties as 'n werklikheid te beleef.

Ons gesin het gegroei met 'n wonderlike dogter, Elsu Coetzee wat met Henk getroud is, en twee mooi kleinkinders, Luka en Ivanke. Ons middelste seun is nog ongetroud en ons jongste trou op 7 Julie vanjaar met net so 'n mooi mensie, Izanke Zandberg.

Mag ons laaste jare van bediening in Boksburg vol ywer in die diens van ons Here Jesus Christus wees. ^{DK}




Op die kerkwerf ...

ONS MAAK KENNIS MET ... Dr. Kwena en Louisa Semanya (Geref. Kerk Randburg/Diepsloot)

Ontmoet dr. Kwena en Louisa Semanya van Randburg/Diepsloot-gemeente. Dr. Semanya is in 2007 amptelik as predikant van die Geref. Kerk Randburg bevestig en is toegewys om die Diepsloot-gedeelte van Randburg se uitreikwerk te lei.

Diepsloot is in die noorde van Johannesburg, naby Randburg te 27 Dastile Mshileli, Uitbr. 10, Diepsloot geleë. Die gemeente bestaan tans uit 363 lidmate, waarvan 150 doop- en 213 belydende lidmate is.

Diepsloot is by 'n hele aantal gemeenskapsprojekte betrokke en om die werk te fasiliteer, is 'n nie-winsgewende organisasie ("non-profit organisation") genaamd Nchafatso Training Programme Centre, geregistreer. Dit is 'n onderwys- en opleidingprogram aan die volwasse lede van die Diepslootgemeenskap wat nie voorheen die geleentheid tot sulke studie gehad het nie. Diepsloot bied ook die Rainbow Children Programme aan, wat graad 7-leerders in terme van verlies as gevolg van die dood, migrasie, 'n afwesige ouer, ensovoorts, ondersteun. ^{DK}



Die Geref. Kerk Diepsloot se kerkgebou